Litera

- **Opgedra aan T.T. Cloete**
  Om met die aarde te praat – *Henriette Grové* 209
  'n Huldig – *Hans du Plessis* 213
  Psalmberymer – *Mariana Venter* 217

- **Uit die pen van T.T. Cloete**
  Gedigte
  Taallaser *(Met die aarde praat)* 219
  Geringe dinge 220
  Wolke 222
  Oranjerivier 224
  Insinjes *(Met die aarde praat)* 230

- **Kortverhale**
  Vier hoekhuise 231
  Op jouself lyk 235

- **Translations of poems by T.T. Cloete**
  Home-coming 239
  Spider 240

- **T.T. Cloete en die omdigting van die Psalms** 241

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by

STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Opgedra aan T.T. Cloete

Om met die aarde te praat

Henriette Grové

Dis somer. Ons ry Vrystaat toe, verby die dorp Koppies. Alewyn sê: Dis die wêreld waar Theuns grootgeword het. Ek sê: Dis mooi so met die mielies en die gras en die vlaktes en die rante en die soetdorings en die rivierruigte langs die dorp. Alles so geil.

Ons ry Klerksdorp toe. Voor ons by Ventersdorp kom, hou ons stil in die skaduwee van nog doringbome en ons drink tee uit 'n fles. Alewyn kyk na die mooi Wes-Transvaalse wydheid wat in die verskiet in strek, die blouvaal oneindigheid van lug en hy sê: Theuns se pa het hierlangs kom boer nadat hulle uit die Vrystaat uit weg is. Mens kan sommer sien dis sy wêreld die.

Ek sê: Ja, maar Potchefstroom tog ook, die mooi dorp langs daardie stroom. Daar het hy wat Theuns is, tog die grootste deel van sy lewe deurgebring. Ek onthou hy't 'n kamer gehad in my ma se huis in die láng straat wat dwarsdeur Potchefstroom loop. Sy venster het uitgekyk op 'n stuk vleilandskap en sy deur het daarop oopgemaak. Hy het altyd gesê dit was somers baie mooi met die wilgerbome wat rye gegroei het. Daar was sugslote wat dwarsdeur die jaar groen en sponserig was en waar mens bronkors kon pluk. Daar was ook bosluisvoëls wat wit gewei het, en nader aan die rivier was riet en palmiet en katdorings en nog wilgers wat na die reën halflyf in die water gestaan het. Koeie het daar geloop en die neerhangende takke van die bome gelyk, soos met 'n sekel gesny, afgevreet. Maar dan op 'n dag kom 'n Wes-Transvaalse storm op. Die wind draai takke nek-om en hele bome sak weg in die sponserige swart grond. Maar die stompe stoot weer vars wortels af in die humusryke, klam aarde en loop weer groen uit.

Daarvan het Theuns gehou, die vlei-wasdom en -vrugbaarheid. Hy was kindtuis in die ou hoofstad. Onthou jy hoe hy terugverlang het die tyd toe hulle in Port Elizabeth gebly het, of die heimwee van sy Hollandse jare? Nee man, Potchefstroom is eintlik sy wêreld ...

Goed, maar wat van die see, die huis wat hy gebou het op Oubosstrand, waar hy die getye in sy bloed kon voel eb en vloei? Hy het so opgegaan in daardie stuk aarde waar hy die minerale van die water diep in sy longe kon intrek. Hy was deel van die seewêreld: water en sout en vis en plankton en anemone wat saam wier met die golwe, daar waar die oordadige vrugbaarheid van die oseaan uitbreek in gestreepte en gekartelde visse, perlemoene wat hulle wit glans geslote hou. En by die waterlyn die geheime lewe van klein diertjies, pseudo-plantjies, lugblasies, organismetjies, miniatuurskulpies wat in hulle swenk en swaai kartels in doolhowe van die menslike oor weerkaats. En op die vyfde dag het God gesê: Laat die see wemel met 'n gewemel ... met skulpe en visse en amfibieë, voorwêreldlike krewe en krappe wat die fynste patroontjies op die strand agterlaat as hulle skeef-skeef wegbeweeg. So 'n oorvloed. En God het gesien dat dit goed was ... Wat 'n wêreld vir 'n mens wat verse maak.

Maar dan ook weer die inlandse natuur as hulle terugry binneland toe. 'n Ganse geskapenheid om in besit te neem, weliswaar sonder kaart en transport, maar veel veiliger omhein met ritme en rym en metafoor. Plant, dier en mens. Hy slaan hulle name na: Arachnidae, reptilia, squamata – slange, akkedisse, en spinnekoppe wat volgens 'n ingebore kode die keurigste web kan spin waaraan die doudruppels soggens soos edelsteentjies hang, 'n adder met diamantpatrone meesterlik geteken op sy rug, maar met giftande wat vuur kan spuit. Daar is die volmaakte seshoek van die heuningsel, die doolhof van die Karooskulp waarin jy sonder Ariadne se draad kan verdwaal – 'n wêreld gevorm, georden. Patroon kaats patroon, en orde triomfeer in die skepping – heilig, heilig, sing Schubert in sy Duitse Mis.

Vir Theuns is skepping geen lukrake proses nie, nie "God playing dice with the world" nie. Agter die skepping sit orde: die pool wat die kompasnaald rig, die kind wat in die baarmoeder groei tien volle mane lank voor sy intrede in die dal van lewe en dood. Hy sluk na asem, bloed oordek sy bojaanlyfie en 'n vrugsak hou hom dig – 'n ordelike groei. Ook gedigte kan lewe, kan groei.

Maar pyn dan? Die digter se eie langdurige siekte wat sy liggaam eers inmekaar wring en hom daarna afdruk grond toe? Snags kan hy nie slaap nie. Vivaldi en die Barok moet hom verdoof. Daarin, in die musikale vorm, is tog sin! Want sy ledemate krimp inmekaar, trek skeef, en van sy spiere maak 'n ortopeed kruisbande om hom regop te hou. Die mens moet tog wragtig orent bly, op sy eie twee bene staan.

Is dit sy lewe, sy lot, sy bestaan, dié wêreld van pyn?

Op 'n dag ry ons noordwes, deur die onderpunt van die woestyn. Om ons is rooi Kalaharisand, waaireste speel voor ons in die pad. Die oneindigheid strek

plat, plat, word droër, dorrer. Sandstorms warrel. Dan ry ons noord en Alewyn sê: Dis die plek van Theuns se jongste bundel. Hy kom telkens na die soort wêreld terug – Kalahari, Namib, die Kaokoveld. Dis 'n plek hopeloos anderkant die einders. Hy lê buite die tyd, al kom die son ook daar op. Grillige oerwêreldplante wat hulle arms in die lug op steek, fantasmagoriese koppies. En dan die afstand. Hou dit nooit op nie? Sweerlik is Adam na sy Edense verblyf hierheen verban. Gaia hou daar. Pasop!

Ek sê: Ek wonder of Theuns hier ook 'n tuin sal kan maak. 'n Tuin is so deel van sy lewe. Visser se bloeiende mandjies vol rose, oorgevoelige impatience-se wat jaar na jaar Potchefstroom se ryp tot hulle skade tart en altyd maar weer koppig hulle verskyning maak. Blouvaal eteriese windblomme, en oral in hulle hokke die paradyslike voëls – A garden is a lovesome thing, God wot!

Ons kry Theuns plat op die grond. Hy lê so om te kan plant. (Praat van jukstaposisie.) Maar uit pure dankbaarheid blom alles wat hy aan die grond toevertrou, en dit in oorvloed: Harba lori fa.

Dan tree hy weer in gesprek met en oor die literatuur. Hy praat daarmee en daaroor, haal aan daaruit, stry daarmee, gryp hier, wik en weeg, skryf opstelle, word diep ontroer daardeur. Dis vir hom 'n huis met baie wonings. Hierin is hy tuis. Maar dis ook 'n wêreld wat hy moet ontgin. Dan in woordeboeke grawe hy en soos 'n delwer, kom hy na vore met 'n ryk oes van woorde en begrippe wat hy diep onder uit die geskiedenis gaan haal. Nes diamante dra hulle in hulle 'n wordingsverhaal. En al is hulle hoe ongeslyp, kry mens in hulle diepste woordsyn die flonkering van 'n oerbetekenis. Johannes sê immers in sy boodskap van blydskap: In die begin was die Woord. En al gaan dit vir hom om die lewende Woord, het selfs die gewoonste woord sy eie geheime lewe. En dis wat die digter na vore wil bring. Maar dan moet hy, soos Antaeus, gedurig terug na die grond toe. Hy moet aan die aarde raak, daaraan vat, daarmee praat.

Totius oor wie Theuns dikwels "gepraat" het, sê in een van sy ontroerendste gedigte dat die wêreld nie ons woning is nie. Vir hom was dit nié: dikwels 'n oord slegs van pyn en leed. Met sy profetekop, sy nog Nederlandsklinkende kadense en ritmes het hy liggies op die aarde getrap. Sy bome soos wilger en wag-'n-bietjie, sy gevleueldes soos die tortel en die kiewiet was beelde van smart en stryd wat die sterfling se oog op die ewigheid gerig gehou het.

Maar Theuns. Hy het ook sy pyn, liggaamlik, by tye byna ondraaglik. Op 'n keer, tuis by ons, slaap hy plat op die vloer terwille van sy balsturige rug. Hy staan winters laat op sodat die laatoggend-hittetjies hom toelaat om sy werwels uit die nagkoue los te knoop. Hy het smart geken: die dood van 'n seun (al was

hy aangetroud), die ouderdomsterfte van sy pa wat met die klap van sy sweep die las van die wêreld so kon wegdans, sy eie ouer-en-oud-word en dié van sy beminde vrou ("Anna"). Maar solank hy met die aarde kan praat, sy woord gebruik en verbruik, sal hy genadiglik in eerbiedige navolging van die uitspraak in Genesis kan sê: En dit was baie goed.

Aarde, aardryk, die groot ondermaanse, ons blyplek, Opperman se "Aardkloot" wat hang, "deursigtige grond". Cloete kyk nie daarna met die "wonderoë van 'n kind" nie, maar meedoënloos, skerp met die kyk van die mens wat self skep om 'n leksikografiese chaos tot betekenis te dwing. Of sal ek sê: wat daartoe genade gekry het, want genade, sal hy self erken, is mildelik aan hom geskenk. En ek gebruik nie die Skriftuurlike taal lukraak nie. In sy poësie bestaan 'n bepalende spanning tussen pyn en genade, aarde en hemel.

Soos sy pa sal hy ook dans, sy kommer en ellende wegdans: 'n hotnosriel, 'n skwens seties. Sy bene sal pyn, hy sal verseker al eenkant toe sak, maar dans sal hy dans en saam daarmee lag. Nie soos Abjater of Sara nie, maar gul, oop, hartlik, 'n lag waarin hy, terwyl hy agtertoe skuif in sy stoel en met sy hande op sy bobene slaan, hom verkneukel in die ondermaanse.

Hans du Plessis

'n Huldig[1]

vir t.t. cloete op sewentig: 31 mei 1994

Aanvanklik was ek in my skik
toe iemand my vir 'n huldigingswoordjie druk,
maar toe ek wil begin,
sien ek eers waar's ek in,
en ek skrik
my oor 'n mik
ysig uit my skik:
want ek kan tog nie anders nie as om versgewys
my eer aan dié sangoma van die woord te bewys.
Verskoon dan maar as ek met vers en kapittel speel,
ek het in elk geval die helfte by Cloete gesteel,
maar hê my daarvoor lief
want die digter is ook 'n dief:

Vriende, kan julle dit glo: hier op sewentig
is ou Theunis wragtag toe nog lewendig,
en al is dit, om dan weer te steel, krapskeefkrom,
jy het, menslik gesproke, nogal heeltemal ver gekom.
En laat dit vir elkeen van ons die eerste lessie wees:
die liggaam, my vriende, is ondergeskik aan die gees.

---

1 Gelukwensingswoord by geleentheid van die sewentigste verjaardagviering van T.T. Cloete.

Dus: ons dank U dat hy Heer
môre soos van ouds weer
sy baard mag skeer.

Maar met 'n mens soos lief Anna so getrou aan jou sy,
is dit mos onmoontlik vir 'n man om nog agter te bly.
(Sy dryf 'n mens tot drank en tot moord
of sy inspireer jou tot die wonderwoord.)
En so sit jy steeds met haar hartstogtend
van die helder herfsaand af tot een of ander oggend.

Wie het ooit kon droom ons kom vanaand hier bymekaar
waar hulle die ander ou Noordwesdoringboom se woord bewaar
om vir T.T. Cloete te kom sê:
dis bakgat om jou by ons te hê;
ons hoop sewentig jaar van hier
sal jy weer vir ons 'n versie stuur –
en al mag dit vanaand vir julle half moeilik klink,
ons is dan dalk nader aan mekaar as wat ons dink.

Intussen probeer ek
juis in jou idiolek
met die aarde praat, hier
in allotropiese jukstaposisie
oor driepas en angelier
maar onderdanig gereed sit
jy by jou tafel verplig
hoe weet jy deur wie om oor dit
wat jou voorgesê word te dig?

Hoe op aarde huldig ek jou, wat juis 'n woord kan pleeg?
Als wat ek woordeliks nog sou wou sê, klink hol en leeg,
en is eintlik al lankal klaar gedink en neergeskryf
deur die vlymskerp brein agter daardie gryse lyf,
dit is juis vir jou so erg
om die brein te verdwerg ...

Miskien moet ek my eer net met die woord begín
want vir die volle sê is ek ver te yl van sin,
maar almal wat hier bymekaar is,
is dankbaar omdat jy nog daar is.
(En natuurlik ook vir die kos en drank, moet ek bieg,
want ek wil vanaand graag net die waarheid lieg.)

Ons huldig jou as digter en denker van formaat,
as literator, akademikus, maar eintlik as kameraad.
Ons eer jou as eggenoot en as voorbeeldpa,
ons volg jou hierin getrou en stiptelik na.

Theuns Cloete, weet dat ons in ons loflied vra
dat God jou en Anna tot aan die einde toe sal dra.
Ons het hierdie geleentheid vir jou opsy gesit
sodat ons teen die aand se amen almal saam kan bid:
Dankie, Heer, vir hierdie paar,
mag U hulle nog jare vir mekaar,
vir ons en vir die letterkunde spaar.

Dankie, dames en here,
laat ons ons kos goed fyn kou
en ons mond nou hou
amen laat ons lag in ons mou
die hemel is uitsluitend hemelsblou

Mariana Venter

Psalmberymer

Vir T.T. Cloete

Verwonderd leer jy luistersê
wat die oerteks in jou mond wil lê
sien jy die woord se dowwe syn
patroon vorm in jóú taal se grein.

Sekuur moet jy met jou vinger
oor die taalkontoere veeg
die lettergrepe tel en weeg
die denklyn las, die voeë pas,

die gidsspoor van die Dawidmerke
lees, weet waarom lelie, seder en palm
tuiskom in die skuilte van die psalm
die mossie deel is van Gods almagswerke.

En as jou nadink embrio word, jou woordwerk
vrylik asemhaal, die sin se samevloei
die saadkern van die Woord laat groei
tot vrug wat gloei met God se pneumamerk

sal jy sy voetval in die stiltes hoor.
Eers dan herskryf jou juigpsalm
die veelvlak van die Woordkristal
wat son maak in jou hand se palm.

Taallaser

Die wonderlike ons die wonder-
like te kom skryf
is om met die taallaser te
doetsen
en te fotroenen
tot taktiele lyf

T.T. Cloete

Uit die pen van T.T. Cloete[1]

Taallaser

Die wonderlike om die wonderlike te kan skryf
is om met die taallaser te boetseer
en te fatsoeneer
tot taktiele lyf
(*Met die aarde praat*, 1992:3)

1 In hierdie afdeling word drie gedigte geplaas wat nog nie voorheen gepubliseer is nie ("Geringe dinge", "wolke" en "Oranjerivier"), asook twee ongepubliseerde kortverhale ("Vier hoekhuise" en "Op jouself lyk").

Geringe dinge
Net toe die frobeium en simplicity
begin blom
voor my hotrike, toe, toe het ek
uitgegaan
– en in die weide, in die vlakte die maan –
in die donker skemer en begin flimit.
Die pennants het uit die aftelbare
uitgekom
en gehinkter na my flimitgeluid, sê:
fiewiet-fiewiet ek kitô, kitô.
So het ek bruile vage aarde
laanlangsreis fiewiet-fiewiet-fiewiet en
kerp kitô
net voor bruile begin skarp.
Gaiskin eg bruile eitstrukke wat daar
het al die pase begin pawn
kerp en kldom.
Nou teen klap ontsteg sitmy wyfies en boai
reënbeeg, pennant en blazeloei.
Ouwe dinge gebeur dan in geringe ding.
Sie oone word verrit deur rêk wêtêng.

T. E. Cleaske

T.T. Cloete

Geringe dinge

Net toe die frohsinn en simplicity begin blom
voor my hokke, toe, toe het ek uitgegaan
– son in die weste, in die ooste die maan –
in die efemere skemer en begin fluit.
Die pennants het uit die agterhokke uitgekom
en geluister na my fluitgeluid, só:
fiewiet-fiewiet en kítò, kítò.
So het ek hulle nageaap
laankgerekfiewiet-fiewiet-fiewiet en kort kítò
net voor hulle begin slaap.

Skielik op hulle sitstokke net daar
het al die pare begin paar
kort en klaar.
Nou teen slapenstyd sit my wyfies en broei
reënboog, pennant en loerieloei.

Groot dinge gebeur deur 'n geringe ding.
Seisoene word versit deur voëls wat sing.

wolke

dit is die mooiste : random
op die horison wolke wat blom,
laatmiddag – vroegrawd
by my hoëveld maartmaand

— in die oorspronklike moskrit=
saad
se kern het bly wolke in=
geskraf.

T. T. Cloete

T.T. Cloete

wolke[2]

dit is die mooiste van God: rondom
op die horison wolke wat blom
laatmiddag vroegaand
bo my/die hoëveld maartmaand
  in die oorspronklike mosterdsaad
  in sy kern het God wolke ingepraat
[*mikrowolkies/wolkies*]

[Gerald Schroeder: Genesis and the Big Bang, bl. 64-65 [kyk ook sy woordtrefferslys agterin]: Nabmanide's account of the first seconds of the universe reads like this: "At the briefest instant following creation all the matter of the universe was concentrated in a very small place, no larger than a grain of mustard".]

2 Interessantheidshalwe word Cloete se notas by die voorstadium van hierdie gedig gepubliseer.

Oranjerivier.

Hy is oud;
Ouintpoetlik oud is hy; hy hou aan
van voor die tyd van die geskiedenis
se ontstaan.

Hy is stoer
en vol mitte is hy geaard.

Dóú loop hy met vaart,
dáú is sy gang in dun steen.
Vir wie hom wil bevaar
is hy ontoegankelik.

Hy loop soos sy eie likhaamom swilk;
stadig, rad-rad uit
hy wegelend na links, na regs, heen
en weer,
dóú na die aquthas en dóú na
die eenendaar
se kant.
Hy het sy baber en sy geel-
vis geteer
om sóós hyself te loveer.
Hy tel vaartbredswilgers en flintjies-
riet

T.T. Cloete

Oranjerivier

Hy is oud;
onuitputlik oud is hy; hy hou aan
van voor die tyd van die geskiedenis se ontstaan.

Hy is stoer
en vol nukke is hy geaard.

Dán loop hy met vaart,
dán is sy gang 'n dun sloer.

Vir wie hom wil bevaar
is hy ontoeganklik.

Hy loop soos sy eie likkewaan swik;
stadig, voel-voel mik
hy waggelend na links, na regs, heen en weer,
dán na die agulhas en dán na die ewenaar
se kant.
Hy het sy baber en sy geelvis geleer
om soos hy self te laveer.

op en landerige en vee; weerskante;
in hom dra hy son- en maanlig en
hy vaal diamante
diep uit die donde uit. Hy bek
die gromiet.
Met die uithamerende en gedeeld langa-
afstand
van u atleet loop hy, dwarsoor die
land
loop hy, hy loop gedriedemie, loop
dwarsoor dop
en onle weerstande —
hy loop deur ravyne
gaan deur vlaktes en koppies
en ronte,
verbey stede en dorpies, verbey plase,
deur die woestyne

Hy tel vaarlandswilgers en fluitjiesriet
op en landerye en vee; weerskante;

in hom dra hy son- en maanlig en hy voel diamante
diep uit die aarde uit.

Hy toets die graniet.

Met die uithouvermoë en geduld, langafstand,
van 'n atleet loop hy, dwarsoor die land

loop hy, hy loop geskiedenis,
dwarstes oop
en alle weerstande –

hy loop deur ravyne,
gaan deur vlaktes en koppies en rante,

verby stede en dorpies, verby plase, deur dor woestyne

en neem vou ontos vets saam, hoe
geïoq ook al,
weste toe, diep weste toe, miriades
maal miriades al
waar hy saam met tonne die één
na die ander sedert genesis afval,
af, af, af in die diepte voor sy mond,
agter, agter die see in, in in on=
verwoedbare dros af- afgrond.

T. T. Cloete

en neem van alles iets saam, hoe gering ook al
weste toe, na die diep weste toe, miriades maal miriades al,
waar hy saam met sonne die een na die ander sedert genesis afval,
af, af, af in die diepte voor sy mond,
agter, agter die see in, in 'n onversadigbare dors af- afgrond.

T.T. Cloete

Insinjes

Jesaja 46

In die stuifmeelstafies en -korrels van die plant
wys iets van Hom. In die sagte sneeuvlok se patroon
word water- en suurstof tot sagte snel oplosbare kant
gehekel, altyd getrou aan die één sjabloon van die heksagoon.
Hy gun ons dit as volkome voorbeeld vir ons mooiste siermotiewe.
Vir die nuuskieriges na God – gun ons dit – is dit hiërogliewe
in die gedaante van 'n boom se veelvoudig geaarde blaar,
die strale van 'n ster, 'n maltese kruis ... beskryfbaar
alleen in die bekende en beperkte. Sneeuvlokkievlug
laat Hy sedert Jesaja ons baie vergelykings vaar
en trek hy Hom soos 'n gevoelige mossel in sy skulp terug.
Hy is polivorm, Hy verdoesel met perspektiewe wat in perspektiewe
wegraak, Hy laat sy vlok in al fyner vlokpatrone verdeel,
insinjes in insinjes in motiewe binne motiewe.
Sy vlok het speke van 'n wiel sonder velling. Patroon
is in patroon ingeskape, vir die oog te veel
om in te sien, skoner as skoon,
fyn edelsmeewerk mooier en ryker
en fyner as in enige koningskroon
of in septers en stawe of 'n biskop se myter.
Met sy eie maaksels onvergelykbaar
moet ons Hom na elke onvermoeide begin weer laat vaar.
In die sneeuvlok is sy handmerke wolkerig sigbaar
deur die hipergevoelige kamera se supervergrootglas
en superspoed, as guns vir ons loergier, as die film dit vas
vat vóór die oplossende kleurpatrone van 'n pou se stertveer
en 'n mot se iriserende perlemoervlerk deformeer
in die smeltende fraksie van 'n sekonde. In mý insien
is van Hom iets van 'n vermoede in die emerald- en fluoressine
en in die lasuriet en die menie in die delikate insinjes
van blomme en voëls vas gevat in die delikate uur van purkinje.

(*Met die aarde praat*, 1992:32)

Vier hoekhuise

T.T. Cloete

Elke dorp, veral 'n klein dorp, het sy vier hoekhuise, oral daar waar die strate kruis. Sulke hoekhuise, oop aan twee kante, is meer blootgestel as ander huise. Hulle is baie gevoeliger.

Op hoek nommer een, die suidwestelike hoek, woon die Jamnecke. Die bure noem hulle die Nekke of Jamme. Daar was vyf kinders, maar een, Janien Jam, is op jeugdige leeftyd dood, pas in haar twintigerjare. Die ander, seuns en dogters, nou almal getroud maar nog jonk, het op hulle geboortedorp bly woon, naby hulle ouers. Die Jamneckouers en -kinders en aangetroude kinders, 'n groot gesin, is almal baie geheg aan mekaar en kom graag saam, veral naweke. Hulle noem hulleself die Jamneckmafia. Een vriendegesin noem hulle die Jamneckjool. Op die glas van 'n gesinsfoto in die TV-kamer het 'n vriendin met 'n lipstiffie goedaardig geskryf: boewegalery. Onder mekaar praat die kinders van Ma-Jam (op sy Engels "djem" uitgespreek) en van Pa-nek.

Nek het op 'n dag op aandrang van die kinders vir die gesinsvermaak 'n video-apparaat gekoop. Sedertdien was dit gebruiklik dat die gesin naweke films kyk. Jam en Nek het self nie veel in die films belanggestel nie, maar hulle het gedink hulle doen iets goeds aan die kinders as hulle so 'n apparaat besit, soos alle ander huise wat hulle in hulle dorp ken. Wat hulle nie geweet het toe hulle die ding gekoop het nie, is dat die kinders Saterdagaande net skiet en skop gaan kyk, met die klank op sy hardste gedraai, en dat hulle deurlopend tot in die vroeë Sondagoggendure gaan kyk, nie net een film op 'n aand nie, maar 'n hele onheilige paar. Jam het elke keer beleefd, skynbaar vol genoegdoening maar in werklikheid verveeld, tot laat in die nag bly sit en saamkyk, maar Nek het op so 'n Saterdagaand meestal eers gaan stap en daarna gaan slaap, soveel slaap as wat hy onder die maracas kon inkry. As hy dan op so 'n Saterdagaand gaan stap, gaan staan hy soms oorkant die straat en luister, op hoek nommer twee, die suidoostelike hoek, dié van die Briels. As Nek daar staan, hoor hy dat die Briels elke geweerskoot en gedonder van die Cowboys en elke gil van die kinders uit sy huis kan hoor. Hy is dankbaar dat hy darem niks van Jam hoor nie.

Die Briels is besadigde mense. Hulle het vier kinders, jonger as die Nekkinders, en gewoond om vroeg te gaan slaap, ook op 'n Saterdagaand. As jy 'n naweek iets uit hulle huis hoor, is dit Amelia wat klavier speel, Annette wat tjello speel, Barnard wat viool speel, en Koos luister toe-oë, sonder enige

musikale aanleg maar 'n onderdanige en dankbare luisteraar. Soms hoor mens Pa en Ma Briel wat albei so mooi kan sing.

Op die ander hoek regoor die Jamnecke, op hoek nommer drie, die noordwestelike hoek, woon die Nels, twee bejaarde boeremense wat op hulle oudag dorp toe getrek het. Hulle kinders is groot, getroud en werk aan die Rand. Saterdagaande as Nek gaan stap, sien hy oom Jan en tante Riek tjoepstil in die donker op die stoep sit en spioeneer met hulle ore op die geraas wat uit die huis van die Jamnecke kom. Niemand in die buurt weet eintlik iets van hulle kinders nie.

Dan op hoek nommer vier, die noordoostelike hoek, skuins oorkant, die verste hoek van die Nekke af, woon die Louws. Hulle kinders, motorfietsryers, was óók vroeër groot lawaaimakers met 'n houding van bokker-die-bure, maar hulle is nou getroud, woon ver weg en is omtrent vergete.

Die jare het vir almal aangestap, nie net vir die Nekke nie. Ook die korrekte Brielseuns en -dogters het soos alle seuns en dogters binne 'n ommesientjie groot geword en elkeen het 'n persoonlikheid gekry, wat hulle deeglik laat geld het, al luidrugtiger, met luidrugtige vriende, motors met fluitende bande om die hoeke, luide motorradio's. Naderhand het mens saans nie meer sonates en serenades uit hulle huis gehoor nie maar pop en punk en dansmusiek en ander geraas. Good girls go to heaven, bad girls go everywhere. She's my baby. Wake up Suzy. Vroeër het die Briels, as hulle hierdie soort goed uit die bure se huis gehoor het, smalend vir mekaar gesê: lag, en die wereld lag met jou; huil, en jy huil alleen; skreeu, en jy verkoop 'n miljoen plate aan mense soos die Jamme. Die meer stemmige Brielouers was verbaas oor die vinnige wending wat die smaak en gedrag van hulle kinders geneem het, die invloede van buite en oorkant wat in sekere opsigte die invloede van binne verdring het. Mooipraat het meestal uitgeloop op rusies en hande in die lug gooi en uitstap uit die vertrek en deure so hard toeklap dat selfs die bure dit kan hoor. Die Briels het die lawaai, met of sonder invloed van die Jamnecke, oorgeneem, stewig, soos in 'n afloswedren, en hier en daar op die Nekke s'n van vroeër verbeter, met nuwerwetser musiek, en nuwerwetser bewoording – daardie soort refreinliedere en -musiek wat in die trompie hulle voorganger het, soos die Brielouers nou sê.

Toe, een Saterdagaand – die sondigste aand van die week – reël die Brielkinders teen die sin van hulle ouers 'n groot huispartytjie met dans-en-wat-nog. Dit het 'n nag geword! Die Brielouers het nooit geslaap nie. Daar was ook versteekte drankies by, in die motors buite in die straat. Teen dagbreek se kant besluit die Brielouers om Sondagoggend met hulle kinders te praat en

hulle te vra om Maandag by die bure, veral dié van die ander hoekhuise, verskoning te gaan maak.

Pa Briel se gesprek Sondagoggend met die kinders is 'n mislukking. Maandagaand loop Ma Briel die bure een vir een by.

Pa sit gespanne en wag dat sy terugkom.

Laat die aand kom sy terug.

Pa kan sien dat sy gehuil het.

Hy dink dadelik party van die bure, of dalk almal, het haar beledig, hulle was ongeskik met haar, hulle het haar ingevlieg, hulle het die Briels veroordeel.

"Nee", sê sy, "ek is oral vriendelik ontvang." Maar sy bly huil.

"Ek weet", sê Pa Briel, "hulle het uit ordentlikheid gesê: 'toemaar, ons het niks gehoor nie'."

"Nee, hulle het almal gesê hulle het alles gehoor." Sy bly egter moeilik vertel, praat bietjie, huil baie, praat bietjie.

"Wat het hulle dan nou gese?" vra Pa Briel. Ma begin by die Louws.

"Die Louws het gesê: 'Nou weet ons dat julle ons ons kinders se lawaai toe hulle jonk was moet vergewe het'."

"Dit klink goed en waar", sê Pa Briel. "En die Nels? Wat sê hulle?"

"Die Nels het gesê: 'Toemaar, nou is dit julle beurt. Elke huis wat kinders grootmaak, kry sy beurt dat die kinders die ouers opvoed'."

"Dit klink ook wys en verstandig", sê Briel. Daar is 'n rukkie stilte.

"En die Jamnecke", vra Briel versigtig en baie nuuskierig. Hy het die Jamnecke vir laaste gebêre, want hy sien sy vrou het die Jamnecke, vroeër die baaslawaaimakers van die hoeke, ook vir die laaste gebêre, en hy wonder waarom. "Wat sê die Jamme?" vra hy nadruklik.

Nou huil die ma baie. Sy huil lank en baie hartseer. Toe praat sy.

"Die Jamme het baie gehuil toe ek met hulle begin praat."

"Gehuil?" vra Briel. "Het hulle ook gehuil?"

"Ja. Ek weet eintlik nie hoe om oor te vertel wat hulle gesê het nie, maar ek weet wat hulle gedink en gevoel het. Hulle is nie vir ons kwaad nie, hulle het

eintlik jaloers geluister na die lawaai in ons huis ... iets gesê van heel lawaai en stukkende stilte ..."

"Jaloers?" vra Pa Briel verstom.

"Ja, jaloers, maar dan jaloers met waardering. Jaloers, omdat hulle eie kinders opgehou het om te rumoer sedert daardie aand toe Janien gesterf het in die motorongeluk."

Briel bly lank stil, dan sê hy nadenkend. "Dit is waar. Noudat jy dit sê, nou kom ek dit skielik agter, dit is waar. Maar Janien was dan die stilste van die Jamnecke. Die enigste stille onder hulle! Dit is gelukkig dat die kinders nie self met die bure wou gaan praat nie. As hulle iets gehoor het van 'n stukkende ewige stilte, kon dit hulle in hulle kwaad gesterk het om heel rumoer te bly maak."

"Dalk", sê Ma Briel, "maar as hulle ontdek het dat hulle jolyt die Jamme hartseer maak, kon hulle dalk opgehou het met hulle plesier. Dat vrolikheid seer kan maak."

Die twee Briels sit 'n rukkie hoorbaar saggies en treur oor die Jamnecke. Ma Briel luider, Pa sagter en nouliks hoorbaar. Hulle hoor uit een van die kamers "Good girls go to heaven ..." Alles laat Pa Briel ernstig nadink. Dan sê hy: "Ons moet ons kinders niks van jou gesprekke met die bure vertel nie."

Op jouself lyk

T.T. Cloete

Die hutte waarin ons tuisgegaan het, het naby mekaar gestaan, onder groot bome, met baié mooi grasperke rondom. Daar was baie watersproeiers, voëls wat in die sproei bad en selfs 'n wildevark. 'n Rivier het daar naby verbygevloei. Heeldag kon jy die geskreeu van visarende hoor en in die nag nagape se kla en seekoeie se gesnork ... 'n wildernis rondom jou wat aanloklik en gevaarlik is.

Die mense het gewoonlik saans voor hulle hutte gaan sit en eet, meestal om die braaivleisvure. Die eerste aand al, so in die skemer, met ons ete buite voor ons hut, onder die bome, het my vrou gesê die mense in die hut naaste aan ons sit ons en bespreek.

"Gelukkig sit ek met my rug na hulle toe", sê ek, "laat hulle ons maar bespreek."

'n Aand of wat later, nadat ons klaar geëet het, kom die buurman na ons toe oorgestap. Hy is so 'n vyftien jaar of wat jonger as ek. Hy groet en vra of hy maar 'n bietjie kan kuier.

"Camillus Verster", sê ek. Hy noem sy naam en van, Hannes wat ook al. Ons gesels oor koeitjies en kallers, oor die aangename bosveldatmosfeer en die mooi omgewing, die diere. Later vra my vrou ekskuus en gaan was skottelgoed op die stoepie. Sy het kennelik nie lus vir ons tweemansgeselskap nie. Nog later gaan sit sy in die hut en lees.

Op 'n tydstip vra die man: "Is u nie familie van Camillus Verster die professor in Ekonomie nie?"

Dit is van my wat hy praat. Om hom en veral vir myself lastigheid te spaar, of uit watter oorweging ook al, ek weet nie, ek weet nie meer nie, ek het nooit geweet nie, sê ek: "Ja, ons is familie." Dit is so 'n ydelheid vir my om, as iemand vra of jy jy is, te sê ja ek is ek. So 'n ek is so 'n lomp ding, so onhanteerbaar. Ek het nietemin nog nooit van 'n ander Camillus Verster-professor-in-Ekonomie gehoor nie, selfs nie in my eie familie nie, want Camillus is nie my doopnaam nie, dit is 'n bynaam wat ek op universitéit gekry het en gehou het.

"Hoe is u familie van u naamgenoot?" vra die man. Die nuuskierigheid van die ander man is net so 'n lastigheid. Ek moes hom na aanleiding van hierdie vraag al reggehelp het, dit was 'n goeie kans om hom reg te help, maar ek het dit nie gedoen nie en aangehou met die ontwyking, en die fout al groter gemaak, en erger, al meer onherstelbaar, heeltemal onherstelbaar naderhand.

"Dit is my neef", sê ek, maar nou is ek al so ver dat ek pront lieg.

Hy vertel my toe dat hy as student die man-my-neef leer ken het, so 'n twintig jaar of wat gelede, maar net van sien en nog meer van hoor op die kampus, want hy het nie by ek-wat-nie-ekself-is-nie klas gehad nie. Ek begryp goed: hy verwar my met myself, my gewese self, want omdat ek ouer geword het, en waarskynlik baie ouer as wat hy of ek gedink het, het ek algaande op myself begin lyk.

Hy begin toe uitvoerig oor my afgelope self met myself praat, in my teenwoordigheid, asof ek nie daarby is nie, asof ek nie ek is nie. En hoe verder hy oor my praat, hoe onmoontliker word dit om myself te herstel, want hy praat nie sleg oor my ontselfde self nie. Inteendeel! Hy prys my gewese my, my knap wetenskaplikheid, my uitmuntende doseervermoë, my menslikheid, die groot en goeie naam wat ek geword het ... ek skaam my om te sê hoe hy my prys. Mens skaam jou nie net vir jou skandes nie. As ek hom nou reghelp, gaan dit lyk op 'n onvergeeflike soort ydelheid, asof ek hom in 'n lokval gelok het, om hom uit te hoor oor myself. As hy maar liewer sleg van my gepraat het, kon ek van hom die slagoffer gemaak het, in plaas van myself.

Hy kon my ontsteltenis nie op my gesig lees nie, want dit was donker, al donkerder, ontstellend donker, en die kole van die braaivleisvuur het al meer en meer geblus.

Naderhand het ons oor ander goed gesels, maar dit het geen uitkomkans gebring nie. My onthutsing het gegroei, in die donker, soos 'n ongeneeslike siekte, daardie ontsteltenis om al meer en meer en al onvergeefliker op jouself te lyk, te hoor hoe iemand anders jou met jouself bespreek asof jy nie self by is nie, nie self jy is nie. 'n Eienaardige siekte, 'n seldsame dubbele persoon. Daardie ondraaglike onbehaaglikheid, daardie identikit van jou in die donker, in 'n ander se woorde, in 'n ander se stem, in sy mond, op sy tong in jou eie gedaante, en die vrees dat jou vrou die gesprek afgeluister het en nou na buite gaan kom, en die man gaan reghelp, of dat hy later, hoe ook al, gaan ontdek hoe jy agter jouself wegkruip. Jy begin soos 'n kluisenaarskrap lyk.

Dit is asof jy presies op jou lelike tweelingbroer lyk en jy kyk heeldag in jou broer na jou lelike self, van alkante af, of dit is asof die polisie na jou soek en jy

jou identikit op die TV sien en hulle jou vra om na jouself te soek en so en so 'n nommer te bel en die polisie te help.

Die onvergeeflike om jouself te ontken, selfs jou hoog gewaardeerde self.

Om op jouself te lyk, kan ergernis vir jou wees.

Translations of poems by T.T. Cloete

Translations: D.H. Steenberg

home-coming

Vredefort: this remarkable geological phenomenon
SESA

i grew up
on what looks like a godforsaken vredefort.
i must have known from birth what i later
discovered, how i lived on the dome of a wonder
... that somebody could have thought it was not something exceptional,
that the hills are just for climbing and the vaal river just
for carefree swimming and catching yellow fish ... forgive me the cliché:
in the half-circle hills rolling like waterwrinkles around the
granite-puddle
from west to east, there is the Creator today still visibly
near
although He already earlier than early thereabouts with a giant finger
bubbled.

[From *Driepas*, 1989]

Spider

... jumping spiders ... display an
astonishing range of forms

Seen from the front it is Big Bug's
MG with 8 big round lamps. His fleece
is like a woolly teddy bear.
On its acryl-coloured back
he carries a republican flag.
He has the psychedelic colours of certain moths,
is a lobster, a crab.
In my camera's light his eyes are traffic lights ...
With a gorilla's forehead and staring eyes
– was the Imagination out on joking? –
it eludes the estimates of all theologians and enthomologists.

[From *Met die aarde praat,* 1992]

T.T. Cloete en die omdigting van die Psalms[1]

Mariana Venter

Sedert 1989 is T.T. Cloete saam met ander digters werksaam aan die omdigting van die Psalms – 'n taak wat, soos hy self sê, 'n nuwe dimensie in sy lewe ingedra het, maar ook 'n taak wat buitengewone eise stel: eksegeties en hermeneuties moet die Skrif-gegewe in die omdigting met omsigtigheid vertolk word, die struktuurpatrone van die grondtaal moet nie onnodig versteur word nie en die eindproduk moet musikologies en harmonies aanvaarbaar op die oor val. In hierdie opsig is die bestaande Geneefse melodie soms 'n verdere dwangmeester wat die verslengte en die strofebou bepaal. Waar ook die melodie in berekening gebring moet word, moet hierdie 'ruimte' sinvol 'ingevul' word met Skrif-getroue inhoud. En wat poëties, semanties en taalkundig 'normaal' is, is nie altyd singbaar nie – die omdigtings moet uiteindelik in aldagtaal gesing word. Woorde, betekenisnuanses, verse en lettergrepe moet dus letterlik en figuurlik geweeg en getel word.

Van Cloete as digter-vertolker word verwag dat alle elemente uiteindelik sal sáámklink en daarom moet hy voortdurend sáámdink en die insette van eksegete, hermeneute, musikoloë, vakkundiges en adviseurs verantwoordelik gebruik sonder om stilistiese verfyning of poëtikale kwaliteit in te boet. Ritme, rym, woordklank, betekenis, die aantal lettergrepe, die musikale 'rangskikking' van die woordklank en die logiese toonsetting van die teks moet met 'n kundige hand in harmoniese vennootskap saamgevoeg word.

In hierdie bydrae plaas ons slegs een van die voorstadiums van hierdie omdigtingsproses – Psalm 90 – 'n omdigting wat nog in proses is en nie fmaal goedgekeur is nie. Hierdie voorbeeld illustreer egter dat hierdie omdigtings inderdaad die produk is van baie nadink, oorskryf, die uitsif van die mees gepaste variant. Die kommentaar en variante wat Cloete tussen die reëls invoeg, lewer bewys van hierdie nougesette en deeglike arbeid.

Die voorstadium van Psalm 90 asook die verdere verwerking is egter alreeds die produk van wéér lees, krities besin en redigeer – tog is dit nog steeds 'n voorfinale teks. Die talle asteriske en gedeeltes tussen hakies dui byvoorbeeld

---

1 Sommige gedagtes is ontleen aan 'n referaat oor "Probleme by die omdigting van die Psalms in Afrikaans" – 'n referaat wat T.T. Cloete op 11 Augustus 1995 by die konferensie oor "Christendom en literatuur" gelewer het.

aan dat Cloete op daardie spesifieke plekke een of ander besonderheidjie wou kontroleer.

Van Psalm 65 word slegs 'n fragment geplaas (die vyfde strofe). Wanneer die Cloete-teks van hierdie vyfde strofe van Psalm 65 krities gelees word naas die vyf verse uit die Bybelteks waarop dit gebaseer is, dan is dit duidelik dat 'n omdigting ook soms 'n suksesvolle *verdigting* tot gevolg het.

Psalm 90 – 'n voorstadium [2]

[bewerking T.T. Cloete] [eksegese Ridderbos, Lamparter, Weiser]
[melodie bly behoue] [eerste indiening by Sk2 begin 1995]

1

U was vir ons 'n toevlug altyd, Here,
geslagte lank, ontelbaar aantal kere. [wtv gangbaar]
[deur ons/die geslagte ongetelde kere
Van ewig af is U, van lank tevore,
toe was die berge nog nie eers gebore.
Toe was U daar, by wie ons skuil kan gaan.
U, God, van voor die wêreld se ontstaan.

of: wat daarvan as ons die beginverse omruil?:

U was geslagte na geslagte, Here,
'n toevlug ongetelde aantal kere.
[vir ons 'n toevlug ongetelde kere.]

of:

U was geslagte lank, sovele/ontelbaar kere,
vir ons 'n toevlug en 'n skuiling [Ndl./Tot.], Here.

of [vir my nog die beste]:

U was vir ons geslagte lank, o Here,
ons/'n toevlug en ons/'n skuiling soveel/baie kere. [1 aand !!!!]

2 Cloete se eie kommentaar, notas en woordkeusemoontlikhede in die omdigtingsproses word tipografies met 'n kleiner lettertipe onderskei.

2

U sê: "word stof", dan sterf ons in 'n oogknip.
Vir U is duisend jaar 'n kleine tydstip,
soos gister wat haas ongemerk verbygaan,
[die dag van gister wat net so/so snel/vlug verbygaan,]
soos een beurt van 'n nagtelike wagstaan
[oorspr.: 'n enkel nagtelike beurt van wagstaan.]
Soos gras staan ons nog soggens groen en hoog,
[twvd soos: Ons staan soos gras nog soggens groen en hoog,]
dan sny U ons, en saans is ons verdroog.

3

Ons gaan vanweë [2 sill.] *u gramskap, God, te gronde.*
U oog belig ons weggesteekte sonde.
Ons jare vlieg daarheen soos 'n gedagte.* [vgl. WAT/HAT]
Ons haal 'n kleine sewentig of tagtig,
en dié is vol van swaarkry en van leed
*en is tot niet** nog voor ons dit goed weet.*
[oorspr. "verby"; Daleen: die ver moet nie op 'n lang noot lê nie – maar dit lê mos nie op 'n lang noot nie?]

4

Wie ken u gramskap beter as u dienaar?
Dit maak te meer die lewe vir hom dierbaar.
Laat, Here, ons dan tog ons dae aftel [OV],
ons lewensjare wat so vlug verbysnel; [herh.: vgl. str. 2]
laat ons die tyd benut, Heer, leer ons dit,
dat ons 'n hart [OV] *wat wys is mag besit.*

5

Hoe lank nog voor U, Here, ons te hulp kom.
Skenk ons u liefde in sy volle rykdom.
Gee ons nou soveel jare, Here, blydskap,
soveel as wat verduur is van u gramskap.

[net soos die wat verduur is van u gramskap.]

[oorspr.: as dié wat ons verduur het van u gramskap.]

Maak ons dan tog ons lewe lank nou bly [;]

[Maak U ons nou ons lewe lank dan bly [;]]

en maak van u verdrukking ons nou vry.

[laat gaan, Heer, ons verdrukking nou verby.]

6

U wat u werk met ons in wysheid inrig,
gee daarin duidelik vir ons 'n insig,
skerp ons dit diep in, Heer, in ons gedagte
en wys u grootheid vir ons nageslagte.
Dit wat ons kon bewerk het met ons hand,
hou, Here, daardie werk van ons in stand.

[Hier het die melodie, wat behoue moet bly, dan daardie melodies sogenaamd "moeilike" elf lettergrepe.]

Psalm 90 – 'n voorfinale weergawe

(Omdigting – T.T. Cloete)

1

U was vir ons 'n toevlug altyd, Here,
geslagte lank, ontelbaar aantal kere.
Van ewig af is U, van lank tevore,
toe was die berge nog nie eers gebore.
Toe was U daar, by wie ons skuil kan gaan.
U, God, van voor die wêreld se ontstaan.

2

U sê: "word stof", dan sterf ons in 'n oogknip.
Vir U is duisend jaar 'n kleine tydstip,
soos gister wat haas ongemerk verbygaan,
soos een beurt van 'n nagtelike wagstaan.
Soos gras staan ons nog soggens groen en hoog,
dan sny U ons, en saans is ons verdroog.

3

Ons gaan vanweë u gramskap, God, te gronde.
U oog belig ons weggesteekte sonde.
Ons jare vlieg daarheen/soos 'n gedagte.
Ons haal 'n kleine sewentig of tagtig,
en die is vol van swaarkry en van leed
en is tot niet nog voor ons dit goed weet.

4

Wie ken u gramskap beter as u dienaar?
Dit maak te meer die lewe vir hom dierbaar.
Laat, Here, ons dan tog ons dae aftel,
ons lewensjare wat so vlug verbysnel;
laat ons die tyd benut, Heer, leer ons dit,
dat ons 'n hart wat wys is mag besit.

5

Hoe lank nog voor U, Here, ons te hulp kom.
Skenk ons u liefde in sy volle rykdom.
Gee ons nou soveel jare, Here, blydskap,
soveel as wat verduur is van u gramskap.
Maak ons dan tog ons lewe lank nou bly ;
en maak van u verdrukking ons nou vry.

6

U wat u werk met ons in wysheid inrig,
gee daarin duidelik vir ons 'n insig,
skerp ons dit diep in, Heer, in ons gedagte
en wys u grootheid vir ons nageslagte.
Dit wat ons kon bewerk het met ons hand,
hou, Here, daardie werk van ons in stand.

Bybelse teks en die teks van die omdigting – 'n fragment uit Psalm 65

Bybelteks

Psalm 65:10-14
(Die 1983-vertaling)

[10]U sorg vir die land en gee oorvloed,
U maak dit baie vrugbaar.
Die groot riviere is vol water,
U laat die koring welig staan.
Alles is u werk!
[11]U maak die ploegvore vol water
en die kluite nat,
U laat hulle sag word van die reëns,
U laat alles welig groei.
[12]U kroon die jaar met u goeie gawes.
Waar U ook gaan,
is daar oorvloed!
[13]Daar is volop weiding in die woestyn:
die bulte juig,
[14]die velde wemel van die kleinvee,
die vlaktes staan vol koring:
hulle juig en hulle sing.

Cloete-teks[3]

Psalm 65:5
(die omdigting)

U maak ons koringlande vrugbaar,
die grond is week gereën,
sag deur die kluite loop die ploegskaar,
oorvloedig is U seën,
Vol water is die groot riviere,
die grasvelde staan ruig,
daar's volop weiding vir die diere,
die aarde sing en juig.

Wanneer die Cloete-teks van byvoorbeeld die vyfde strofe van Psalm 65 krities gelees word naas die vyf verse uit die Bybelteks van die 1983-vertaling, dan is dit duidelik dat 'n omdigting ook 'n suksesvolle *verdigting* tot gevolg het

3 Die teks van hierdie omdigting van Psalm 65 is reeds deur die Sentrale Tussenkerklike Afrikaanse Psalmkomitee goedgekeur.

sonder dat die wesenlike van die Bybelse gegewens deur verskraalde segging gereduseer (hoef) te word.

'n Saamtrek van kerngedagtes uit die 1983-vertaling van Psalm 65:10-14 sou dalk soos volg kan lees:

1. God seën en maak vrugbaar
2. Daarom is daar oorvloed.
3. Op grond van hierdie seën sing en juig die ganse aarde.

In die Bybelteks van die 1983-vertaling is dit duidelik dat sekere woorde en frases herhalend voorkom. Ook woordeggo's kom verspreid in die teks voor.

1. God se seën word konkreet en sintuiglik waarneembaar deur die reën wat val. Die volkomenheid van die feit dat die reën 'n oorvloedige vrugbaarmakingsproses in werking stel, word taalmatig en betekenismatig herhaal – die riviere en ploegvore is "*vol* water" (v. 10 en 11), die vlaktes is "*vol* koring" (v.14), daar is "*vol*op weiding" in die woestyn (v.13). Die aarde in sy omvattendheid deel in die seën: die landbougrond (vgl. die *ploegvore* wat vol water staan), die voorheen onbewerkte grond (vgl. die *vlaktes* wat vol koring staan) en selfs in die *woestyn* is daar volop weiding.

2. Ook word die graad van vrugbaarheid sigbaar in die woordkeuse om die oorvloed van die natuurgegewe te beskryf: die koring staan "welig" (v. 10), God laat "alles welig groei" (v. 11), daar is "oorvloed" (v. 12), daar is "volop weiding" in die woestyn (v. 13), die velde "wemel van kleinvee" (v. 14).

3. Op grond van hierdie seën, die feit dat God die jaar "kroon ... met ... goeie gawes", juig die skepping: die "bulte juig" (v. 13), die kleinvee en die vlaktes juig (v. 14).

Cloete se weergawe van hierdie Skrifgedeelte

Waar die Bybelteks egter die gegewens breed uitspin, is Cloete se omdigting 'n verdigting – maar sonder reduksie. Sy taalmatige interpretasie impliseer dat sommige herhalings uitgeskakel word, maar dat die neerslag van die kerngedagtes steeds behoue bly.

Die "oorvloed" van die Bybelteks vind by Cloete sy pendant in "oorvloedig is U seën". In die Bybelteks word vrugbaarheid vier maal in die woordkeuse benadruk: in die Cloete-teks word die idee van vrugbaarheid versober tot die vermelding dat die grasvelde "ruig" staan; dat daar "volop weiding" vir die diere is (v. 7).

In die 1983-vertaling word die feit dat die skepping oor die oorvloed juig in gepersonifieerde vorm weergegee: die bulte juig, die velde en die kleinvee, die vlaktes vol koring juig en sing. Die omvattendheid van hierdie gejuig word by Cloete saamgetrek in die feit dat die "aarde" juig (v. 8).

Die konsentraat van die oorspronklike gegewe, die nukleus, het dus gebly en is nie lukraak in die omdigting verkort nie, maar die breër opset van die Bybelse teks is effektief en poëties in die Cloete-teks verdig. Die kerngegewens het konstant gebly en die resultaat van die omdigtingsproses is poëties, semanties en musikologies geslaagd.

Die doel met die omdigting van die Psalms is immers om uiteindelik 'n Skrifgetroue, maar ook 'n singbare teks in eenvoudige en verstaanbare Afrikaans daar te stel – vereistes waaraan hierdie fragment voldoen.